OLDMUTUAL
NATIONAL INTERBREED BEEF CATTLE CHAMPIONSHIPS 2025
@ NAMPO ALFA

**Old Mutual kroon nasionale interras wenners by ALFA!**

Skoue is een van die oudste instellings in die SA lewendehawe bedryf. Dit was vir generasies die platform waarop stoeterye hul bemarking gedoen het en waar reputasies gebou of vernietig is. Top genetika word vandag steeds op skoue vertoon en van die beste diere gekroon in die skouring.

Die interras kampioenskappe het ‘n nuwe dimensie kom voeg waar die raskampioene by ‘n betrokke skou deur die opperste kampioen tussen al die verskillende raswenners aan te wys. Hierdie opperste kampioene van elke skoue kompeteer dan teen mekaar vir die nasionale kampioene tydens ALFA.

Die vleisbeesprogram was sedert die eerste aanbieding van die ALFA Ekspo in 2016 die ruggraat van die Ekspo. Daar was ’n hele paar uitsonderlike mylpale, maar die parade van finaliste van die Nasionale Vleisbees-Interraskampioenskap wat op die maat van die Triomfmars (uit Aïda van Verdi) tussen die dineetafels deurstap, is iets wat elkeen wat ALFA ooit bygewoon het nooit sal vergeet nie.

Sedert 2024 het die interras konsep ‘n groot stap vorentoe geneem. Old Mutual Wealth het ingetree as die hoofborg van die nasionale vleisbees interras kampioenskap @ Nampo/ALFA. Die stoetvee bedryf verteenwoordig die room van die vleisbees genetika wat presies pas by die Old Mutual Wealth filosofie om waarde te ontsluit en welvaart te skep.

Die interras grootkampioen manlike en vroulike opperste kampioen van die sewe grootste skoue in Suid-Afrika sal hierdie jaar tydens NAMPO/ALFA 2025 om hierdie kroon meeding. Hierdie titels word tans gehou deur Nico en Tuané Venter wie se Simmentaler bul die nasionale wenner was en John en Tracey Devonport wie se limousine koei die nasionale vroulike interras kampioen gewen het. Dit kan met reg as die hoogste toekenning in die Suid-Afrikaanse skoubedryf gesien word. Individuele telers moet self by streekskoue die interraskampioenskap wen om uitgenooi te word. Die wenners word dan genooi om hul diere tydens Nampo/ALFA uit te stal en aan die kampioenskap deel te neem. Die wenners word tydens die ALFA dinee aangekondig en die diere neem, soos elke jaar, deel aan die parade tussen die tafels deur tydens die geleentheid.



ALFA Expo (Pty) Ltd. 61 Topaz Cres, Mooikloof Glen, 0081
E-mail: albert@nampoalfa.co.za
Tel.: +27 825622188. Director: A.J. Loubser (Chair)

Elke teler kry ook die geleentheid om sy/haar stoet in die Old Mutual paviljoen uit te stal tydens die geleentheid. Daar kan die besoekers die room van die SA stoetvee bedryf van naby beskou en waardeer.

Old Mutual Wealth, wat ook verlede jaar se borge was, en hulself vir die volgende 3 jaar tot die kampioenskap verbind het, is die fondasie waarop hierdie kampioenskap gebou is omdat dit die waardes van welfaard via stoetteling ook verpersoonlik. Karel Fourie van Old Mutual, bevestig dat dit ook Old Mutual se verbintenis tot SA Landbou, met wie Old Mutual reeds 'n pad van meer as 'n eeu stap, bevestig.

Skoue waarvan die wenners gekwalifiseer het vir die Old Mutual nasionale interras kampioenskap:

| | | |
|---|---|---|
| **Hertzogville skou** | - Hertzogville, Vrystaat | - 10 Maart 2025 |
| **Vryburg skou** | - Vryburg, Noordwes | - 2 - 4 April 2025 |
| **Lichtenburg skou** | - Lichtenburg, Noordwes | - 7 - 11 April 2025 |
| **Bloemskou** | - Bloemfontein, Vrystaat | - 25 April - 3 Mei 2025 |
| **Nampo Ekspo** | - Bothaville, Vrystaat | - 13 - 16 Mei 2025 |
| **Thabazimbi skou** | - Thabazimbi, Limpopo | - 1 - 2 Augustus 2025 |
| **Parys Alle ras skou** | - Parys, Vrystaat | - 1 - 4 September 2025 |
| **Swartland Skou** | - Wes-Kaap | - 3 - 6 September 2025 |

Ellisras, George en Royal show is gekanseleer a.g.v. die bek-en-klou pandemie.

**DIE ENIGSTE GEFOKUSDE LEWENDEHAWE EKSPO IN SUID-AFRIKA.**



ALFA Expo (Pty) Ltd. 61 Topaz Cres, Mooikloof Glen, 0081
E-mail: albert@nampoalfa.co.za
Tel.: +27 825622188. Director: A.J. Loubser (Chair)